
# OPSAAL !



**NO. 1 : 1998**

## 'n GROOT VOORSITTER TREE NA 10 JAAR UIT

Jare gelede, ±1968/69 het Prof. Bun Booyens by die FAK-kongres 'n referaat gelewer oor "Die Wesenskenmerke van ons Identiteit" waarin hy onder andere genoem het "Die Afrikaners is uit hoofde van sy geskiedenis en agtergrond in sy diepste wese 'n landelike mens. Ons mense het tradisioneel naby die aarde en die natuur gelewe. Met verstedeliking na die depressiejare en die oorlog, lewe daar nog talle Afrikaners in die stede wat saans teen sononder nog die gekwetter van die vinke in die rietbos, die geroep van die lammerooie by die kraal, die geklingel van die melkemmer en die klag van die kiewiet nostalgies verneem en met die innerlike oog nog steeds die reënbui oor die rante kan sien en hoor aankom, die handvol gruis uit die Hantam kan voel en die suiwer lug van die Hoëveld kan insnuif."



Hennie se liefde vir stap wil ek net hierby die klingel van die melk-emmer, die kwetter van die vinke ... ens. aansluit, want op staptogte of saans om die kole praat hy graag nostalgies oor sy kinderlewe van lank gelede op die plaas - as skaapwagter of agter die ploeg of perdry .... noem maar op.

Op sy staptogte kon hy tevredenheid vind in 'n ander klingeling in die bos of veld - die tjank van 'n jakkals, die blaf van 'n bobbejaan, die roep van 'n loerie.
Sy liefde vir die natuur maak hom wat hy is.

Geen wonder dat hy, na sy aftrede toe die geskarrel en probleme van die beroep tot 'n einde gekom het, die Berg-en-Dal Voetslaanklub gestig het en vir die volgende 10 jaar die Voorsitter sou wees totdat hy by die jaarvergadering van 22 Januarie 1998 sy uittrede uit die bestuur aangekondig het.

Berg-en-Dal het jaar na jaar gegroei en baie kilo's oor die uithoeke van ons mooi land afgelê. As gewese polisieman het hy geleer om deurgaans goeie organisasie en beplanning vir elke stap te doen; sterk aangedring op goeie dissipline en samehorigheidsgevoel onder die lede; sterk aanvoeling vir fiksheid; opreg besorg oor elke lid in sy span; 'n pragtige voorbeeld gestel en altyd die beskerming, aanbidding en lof aan ons Hemelvader vooropgestel.

Ek, en ek glo ons almal, het ons dikwels verwonder oor die bekwame wyse waarop hy gou-gou 'n oplossing vir 'n probleem of die lees van 'n kaart kan ontrafel. Sy vermoë om met mense, jonk en oud, te werk, 'n vergadering te lei, 'n bring-en-braai-vuur aan te pak en die liefde en agting van die stappers te wen, sal ons altyd onthou. Sy meelewendheid met en goeie raad aan ouens wat swaar kry teen hoogtes, word hoog waardeer.

Hennie het 'n wonderlike vrou aan sy sy wat hom in alles aanmoedig, ondersteun en saamdoen. Sy het al die jare 'n wonderlike voorbeeld deur dik en dun gestel. Annie se warme entoesiasme, raad vir fiksword het ons almal ge-inspireer. Sy is altyd vrolik, opgeruimd, vriendelik en 'n fyn dame deur en deur.

Ons sê aan Hennie en Annie: Baie, baie dankie vir jul vriendelikheid, toewyding, lojaliteit, leierskap, liefde, voorbeeld en talente wat julle vir baie jare aan Berg-en-Dal Voetslaanklub gegee het - voorspoed, gesondheid en God se rykste seën word u toegebid.
Die klub bied u ere-lidmaatskap van die klub aan.

GYS VERWEY
VOORSITTER

## OUTENIQUA 24 - 25 JANUARIE 1998

Deur Anna van Niekerk

Wanneer 'n mens omring is deur een van die mooiste bergreekse in ons land, dan bly dit maar altyd 'n uitdaging om hom te gaan aanpak en sy grootheid vanuit 'n ander hoek te bewonder.

So het ses van ons vroeg Saterdagoggend die 24ste Januarie na Beervlei vertrek. Daar het Eddie, Willie en Coleen met drie voertuie na die eindpunt by Platbos gery om twee voertuie daar te los vir wanneer ons die Sondagmiddag sou uitstap. Joey, Corrie en ek het solank lekker tee gedrink en ook so 'n ontbythappie vir die ander reggehou. Ons 6 het toe die 17 kilometer aangepak na Windmeulnek. Die weer was heerlik - ons was lus vir stap en ons het onder by die rivier in pragtige poele geswem en sommer net lekker gekuier. Die blomme bly maar altyd 'n fees vir die oog en ons het die mooiste, mooiste Erikas gesien. Die hut by Windmeulnek bly seker vir almal die kersie op die koek, met sy pragtige uitsig oor die klowe en berge vanuit die oop deur van die "Long drop". Ons het soos konings geëet en geslaap en vroeg Sondagoggend die steiltes aangepak na Platbos. Water was volop en ons het gekuier soos net stappers dit kan doen; met elke terugblik was Windmeulnek se hut in die agtergrond, so asof hy ons terugwink.

Aan die einde van ons roete op Sondagmiddag, was daar 'n nuwe verskynsel gebore - Van nou af bekend as die "Kind in die Tjalie". Stokflou en doodmoeg kom ons by die voertuie aan en hier haal Willie en Joey toe die "Kind in die Tjalie" uit die kattebak - 'n koelsak toegedraai in 'n spesiale kombers, met binne-in 'n twee liter, kouer as koud Iron Brew; wat 'n heerlike verrassing! - Ons het dit baie geniet. Ek wil net graag vir julle sê om vorentoe op die uitkyk te wees vir die Dunn's se "Kind in die Tjalie". Die inhoud verander van tyd tot tyd.

Om op te som:
'n Heerlike, rustige en pragtige wegbreek in ons eie nabye omgewing wat oor en oor gestap moet word.

## STAP/DRAMA IN DIE DRAKENSBERGE

DEEL I (deur Faan Strauss)

Vrydag 10 April 1998

Omstreek 09:30, en alreeds so ± een uur op Leslie'spas bergaf, tref die rampspoed ons. Coleen val en breek haar linkerbeen en enkel. dit neem ons min of meer een uur om haar enkel te verbind en die modis operandi te beplan met betrekking tot 'n reddingsoperasie.

Die ± 20 km vandaar na Injasuti basiskamp word met volle rugsakke deur myself en Willie Nel in 7 ure afgelê sodat ons teen 17:30 by Injasuti aankom.

Ten spyte van ons haas en die gevolglike pas waarteen ons beweeg het, kon ons nie anders as om by Marble Bath vir 'n verposing te stop nie. Mens kan dit kwalik beskryf, maar dis iets soos 'n natuurlike marmersloep en kolkgate wat op daardie punt in die soliede rotsvloer van die rivier ingevreet is deur jare se verwering van die water en spoelklippe en ander amteriaal.

Terug by ons aankoms te Injasuti. Daar belewe ons die wonderlikste hulpvaardigheid van bekwame amptenare wat, ondanks die feit dat dit reeds na-ure was, met radio en telefoon onverpoosd besig bly tot omstreeks 20:30 om 'n helikopter-reddingspoging te organiseer. Benewens die beamptes was die wonderlike gasvryheid waarmee vakansiegangers ons oorval het, pas na ons aankoms, ook oorweldigend. Tee, paaseiers, koue bier, ens. was aangedra om ons moë en nog natgeswete liggame mee te verkwik.

Saterdag 11 April 1998

Omstreek 07:00 hoor ons die kenmerkende drening van die Puma helikopter en neem die reddingsoperasie 'n aanvang. Willie vertrek saam met die helikopter om maklik en vinnig die groep in die berg se ligging uit te wys. Alles verloop seepglad danksy beamptes en reddingspersoneel wat hulle storie ken.

Saam met die beseerde Coleen het die helikopter ook vir Salomé opgelaai en haar by ons voertuie te Monk's Cowl afgelaai. Die res van die dag word toe gebruik om voertuie te skuif vanaf Monk's Cowl na Injasuti.

Sondag 12 April 1998

Tussen die drie van ons te Injasuti (Willie, Salomé en ekself) word gereël dat Salomé by die kamp bly om die nodige reëlings te tref ivm Coleen, op daardie stadium nog gehospitaliseer te Pietermaritzburg, se hereniging met die stapgroep.

Ekself en Willie maak ons rugsakke leeg en laai 'n bietjie versnaperinge soos vars toebroodjies, koeldrank, vrugte, lemon creams, ens. daarin. Om 05:45 vertrek ons vanaf die kamp die res van die groep tegemoet. Wat was die vreugde groot toe ons hulle so omstreeks 08:00 voor ons in die bosse gewaar. Na 'n blaaskansie om die versnaperinge te geniet, keer ons toe terug na Injasuti.

**MOST PEOPLE ARE ABOUT AS HAPPY AS THEY MAKE UP THEIR MINDS TO BE.**

*- Abraham Lincoln*

Deur Poekie

Die voetslaanpad wat die nege Berg-en-Dallers op 'n snikhete Vrydag, 20 Februarie 1998, aanpak was eens die tuiste van die inheemse volke eie aan die streek - die San of Boesman en die Khoikhoi of Hottentotte - en mens is dankbaar dat hulle as gevolg van hul afhanklikheid van die grond, vir hul bestaan; 'n intieme kennis en liefde en respek vir hierdie woude, varings, fynbos en struike ontwikkel het - 'n erfenis wat ons moet bewaar.

Die manne gaan parkeer die motors by Diepwalle maar omdat dit baie warm was bly ons dames by Millwood - ons was dankbaar want dit was warm. Hulle stap die 8 km terug en kom net betyds by die hut aan - 'n heerlike reën sak uit - dit breek die hitte en ons is vol opgewondenheid oor die res van die stap.

Die aand in die lapa gaan die tonge los - ontspan ons heerlik- kyk na die wonder van die weerlig in die berge - sing lekker saam - dank ons Skepper vir die wonderlike gawe uit Sy hand - en geniet 'n heerlike nagrus.

Die pad loop vanoggend deur lieflike heideveld - en die berge rondom ons - en dan die inheemse immergroen woude. Die woude het in die verlede aan die meeste van die houtbehoeftes van die vroeë Europese koloniste in die land voorsien. Die hout is hoofsaaklik deur bouers, wa-makers en skeepswerwe benut - die houtbedryf het regstreeks bygedra tot die totstandkoming van dorpe soos George, Knysna en Plettenbergbaai.

Ons klim in ons daal - daal en klim deur 'n wondelrike natuurskoon - daal dan baie skerp af na die Knysnarivier. Hier moet ons met behulp van 'n kabel die rivier oorsteek.

Die roete hierna was nou nie so baie vriendelik nie, maar fantasties mooi - mens moes klou aan kettings en jou optrek aan wortels, maar ai, dis alles so opwindend en elke tree die moeite werd. By die Lotteringrivier drink ons tee en pak die laaste skof na Rondebossie aan - maar Hennie kom agter hy het sy waterbottel vergeet - laat sy rugsak daar en draai om - ons sal maar aanstap. Die bobbejane gesels in die woud - Faan en Eddie - stappersbroers soos min - bederf die bobbejane se pret om met Hennie se sak fees te vier. Hulle dra die sak toe tot by die hut.

En wat 'n heerlike hut - lekker lapa - groot kamers met baie beddens - volop water - brandhout vir 'n feesvuur. Almal kan al die stof afwas - van die manne het in die rivier gaan swem en toe het ons om die kampvuur saamgetrek. Die reuk van die braaivleisie het die hele lug gevul en dit het ons in 'n feestelike stemming gebring. Faan en Eddie het ons vermaak met die mooiste liedjies van toeka en nou - self die diere en bome was almal beïndruk. Om 'n dag se stap af te sluit met lofsang en gebed en dank aan die Hemelse Vader vir soveel mooi, soveel beskerming, soveel liefde is voorwaar 'n seën van Bo. En toe - toe ontdek ons 'n stukkie van ons kinderdae wonders. Die bosse rondom die lapa word 'n liggie paradys - vuurvliegies - vuurvliegies - vuurvliegies. Ons kon weer agter hulle aan hardloop en 'n vuurvliegie saggies in jou hand hou en die liggie - aan en af - bewonder..

Sondag klim ons Jonkersberg uit - kry 'n asemrowende uitsig oor die hele wêreld deur 'n varingwoud waar daar beslis nog feëtjies woon. Glo jy in feëtjies? Nee - Wil jy graag in feetjies glo? Ook nie. In hierdie varingwoud sal jy van opinie verander.

Ons het met Kom se pad uitgestap - baie dankbaar en soos gewoonlik jammer dat so 'n heerlike naweek al weer iets van die verlede is, maar dit sal altyd een van ons mooi herinneringe bly.

Baie dankie aan Hennie en Annie, Faan en Mathie, Willie en Joey, Eddie en Giel vir 'n heerlike naweek.

## GEORGE-PIEK

Die Outeniquaberge
En Georgepiek in besonder
Is deur die Heer aan ons gegee
Om te betree en te bewonder

Daarom my voetslaan-vriend
Raak stil dan sal jy hoor
Ook stappers in hul kinderskoene
Word deur dié piek bekoor

Heel dikwels is daar die versugting
As mense hieroor praat
Van iemand wat ook hunker
Sy spoor daarbo te laat

Daar vergesigte te aanskou
Van berge groen tot by die blouste blou
En anderkant toe voer jou mee
Die eindeloosheid van die see

Wat sê dit nou vir my en jou
Wat dikwels al daarbo kon wees
En soos die Skepper dit bedoel het
Die boek van Sy natuur kon lees

Wees dankbaar baie dankbaar
Ons was genadiglik gespaar
Al het ons nie Sy hand gewaar
Ook hierdie voorreg te ervaar.

# DRAMA IN DIE DRAKENSBERGE

<u>DEEL II</u>

<u>Deur Hennie Mouton</u>

Die Drakensberge is 'n uitdaging vir alle voetslaners. Willie Nel het weer 'n stap in die Drakensberge ge-organiseer, waarvoor die volgende lede ingeskryf het:
Salome, Willie, Annekie, Coleen, Faan, Mathie, Annie, Hennie en Tia-Mari.

Saterdag 4 April 1998, versamel ons om 06h00 by Willie en Annekie, behalwe Faan en Mathie wat 'n draai in die Transvaal gaan maak het.

Almal is baie opgewonde en nadat alles gepak is stel Tia-Mari vas dat haar stewels nie daar is nie. Dit word gou-gou gehaal en ons is op pad. Die aand slaap ons by 'n ou Anglikaanse sending opleidingsentrum, buite Ladybrand, wat vir ons deur Tinus Nel, Willie se broer gereël is. 'n Baie geskiedkundige plek. Die volgende oggend vertrek ons om 08h00 en tref Mathie en Faan te Monks Cowl kampeergronde, aan die voet van die Drakensberge, aan. Daar word eers "land en sand" gesels voordat ons kamp opslaan. Na al die formaliteite afgehandel is, word die volgende dag se stap bespreek. Maandag 6 April 1998 begin ons om 07h20 te stap, vanaf 'n hoogte van 1480 meter. Ons mikpunt is "Keith Bush kamp" aan die voet van Gray's Pass op 'n hoogte van 2100 meter. Ons klim geleidelik met 'n goeie voetpad. Coleen, wat haar kierie te George vergeet het, koop 'n kierie op pad na die "sphinks", waarop Monks Cowl uitgebrand is en is baie in haar skik. Faan dra sy video kamera en laat dit werk. Die sakke is swaar, want baie klere en kos word gedra vir 7 dae se stap. Willie laat ons van tyd-tot-tyd rus en niemand kla nie. Op pad na Keith Bush "koop" Mathie en Coleen elkeen grond, sonder ernstige nagevolge. Die uitsig van die pieke wat bokant ons uitstrek is pragtig. Om 14h55 slaan ons tente op te Keith Bush.

Dinsdag 7 April 1998. Ons begin stap om 07h15 en klim van meet af. Hierdie is 'n "meneer" van 'n pas en ons klim ongeveer 150 meter per uur. Ontbyt word teen die hang van die berg geniet en almal bewonder die vergesigte. Naby die piek van die berg is die voetpad weggespoel en is dit 'n groot gesukkel om oor 'n gladde rotslys te kom. Willie wat eerste uit is, help almal uit. Indien 'n persoon hier gly het hy groot probleme. Die laaste afstand na die piek word oor groot klippe en rotse geklouter. Om 14h00 slaan ons tente op langs die Nkosanarivier op 'n hoogte van 3000 meter. Ons het ongeveer 5 km gestap en 900 meter geklim. Die namiddag word daar in die yskoue water van die rivier gebad en 'n voorbarige krap "proe" aan Mathie se toon, wat dit nie baie amusant vind nie. Om 18h00 is almal in die tente om uit die koue bergwind te kom.

Woensdag 8 April 1998: Om 07h05 begin ons te stap - dit is koud, maar die weer is mooi en ons stap - rigting Vultures Retreat en het 'n pragtige uitsig oor al die bekende pieke van die Drakensberge in die rigting van die Amfiteater. Ons draai hier om en stap na Shipsprow om vandaar Champagne Castle te klim. Ons stap op 'n hoogte van 3250 meter met nog ongeveer 500 meter afstand na die pieke toe. Ons moet omdraai weens digte mis. Ons stap tot agter Shipsprow en kamp om 13h00 langs 'n riviertjie. Die wind is koud en die miswolke rol oor die omgewing en ons het geen uitsig nie. Om 18H30 is almal reeds in die tente om uit die koue wind te kom.

Donderdag 9 April 1998. Dit is ysig koud. Dit het laasnag fyn gereën en die water het op die tente verys. Ons stap eers om 09h00 sodat die ys kan smelt. Mis borrel nogsteeds uit die plato-afgronde op en maak kaartlesing moeilik. Ons stap vandag na Lesleypas. Ons kan niks onder die plato-afgrond (Eskarpment) sien nie, alhoewel dit sonskyn op die plato is. Na middagete stap Willie en self vooruit om na Lesleypas te soek - gelukkig trek die mis effens oop en kom ons bepaal waar ons is. Om 15h00 slaan ons tent op langs 'n bergstroom regoor Lesleypas. Daar word lekker gebad in die stroom. Dit was vanoggend so koud dat ek my gesig gewas het sonder om my hoed af te haal. Ons het ongeveer 7 km gestap.

Vrydag 10 April 1998. Die tente is weer vanoggend verys. Dit is egter 'n pragtige sonskyn oggend en geen mis nie. Ons kruis die kruin van Lesleypas op 2950 meter. Die pas is baie steil en ons stap met 'n smal voetpad die pas af. Alhoewel steil is dit nie gevaarlik nie behalwe vir los klippe. Coleen gly op die los klippe in die voetpad en Faan wat voor haar stap, help haar op. Sy gly egter onmiddellik weer en sê vir my dat haar linker enkel gebreek het. Ek kon dit nie glo nie, daar sy ooglopend nie ernstig gegly het nie. Ek "ondersoek" dit en dit voel soos gruis langs die been. Mathie en Tia-Mari sit 'n enkelstut aan en verbind die been, bokant die enkel. Dit is duidelik dat sy nie verder kan stap nie. Alhoewel sy nog 'n end verder op haar boude skuur is dit 'n hopelose saak. Ons kan nie verder stap nie. Willie en Faan besluit dat hulle sal gaan hulp soek te Injasuti, 21 km verder en moet nog 1300 meter daarheen daal. Ons ander bly by Coleen. Ons is 350 meter in hoogste vanaf die kruin en ongeveer dieselfde hoogte vanaf die rivier. Ons sal water nou moet bespaar. 'n Tent word na groot gesukkel teen die skuinste vir Coleen opgeslaan en ons ander sit teen die skuinste. Dit is slegs 10h00 in die oggend. Daar is geen plek om nog 'n tent op te slaan - dit is te skuins. Almal soek plek, waar hulle vannag gaan slaap, daar ons besef dat Willie-hulle eers vanaand te Injasuti sal wees. 'n Jacobs familie kom later verby en die twee seuns neem van ons waterbottels en belowe om vir ons water te bring, wat hulle doen. Dit was 'n lang dag en die nag nog langer daar ons voortdurende berg afskuif sodra jy slaap. Coleen is rustig daar sy baie sterk pynpille gedruink het.

Saterdag 11 April 1998: Om 07h30 hoor ons 'n helikopter en kort daarna sien ons dit deur die kloof kom. Coleen word gou in gereedheid gebring en haar sak gepak. Die helikopter kan egter nie land nie maar hang teen die skuinste en 3 para-mediese persone en 'n dokter spring uit. Die dokter ondersoek die enkel en plaas dit in 'n spalk. Hy sê toe dat een van die dames haar kan vergesel. Ons besluit dat Salome die persoon is, daar hulle haar ook te Monks Cowl sal aflaai. Dit was nie lank nie of Coleen, op 'n draagbaar, en die ander word almal in die helikopter gehys en om 08h00 is hulle weg, oppad na Gray hospitaal, te Pietermaritzburg. Om 08h10 val ons 5 ander in die pad na Injasuti. Die volgende 350 meter tot in die rivier is baie steil, maar vandaar gaan dit baie beter. Die voetpad is nie altyd goed gemerk nie en daar word van tyd tot tyd in rivierbeddings gesoek. Ongeveer 14h00 is ons by die "marmerbad" in die rivier, dit is iets besonders en dit was nie lank of Tia-Mari gly in die waterversnellings af om die aand te kla dat haar anatomie op die sitvlak gekneus is. Om 16h00 kamp ons onder 'n hoë krans en 'n paar geelhoutbome langs die rivier ongeveer 2 km stroomaf vanaf Junctiongrot. Ek slaan tent op maar die dames besluit dit is nie nodig nie. Om 21h00 moet daar vinnig tent opgeslaan word in die lig van 'n flits toe reën uitsak.

***THOSE WHO WISH TO SING ALWAYS FIND A SONG.***

***- Swedish proverb***

Sondag 12 April 1998. Ons begin stap om 07h35 om die laaste 7 km na Injasuti te stap. Ons voetpad lei in die rivier af en dit is 'n geklouter en klim oor rotse en die stroom toe ons Willie en Faan hoor roep vanaf 'n posisie bokant die rivier, ongeveer 500 meter vanaf ons oornagkamp. Ons klouter deur lang gras tot by hulle in 'n voetpad. Die weersiens was goed en die twee bring broodjies, vrugte en koeldrank te voorskyn. Hulle is beide nat tot by die middellyf daar hulle vroeg oggend moes stap om ons te ontmoet. Willie is feitlik bewoë toe hy ons van hulle ervarings van Vrydagaand vertel. Faan sal self hieroor skryf. Vanaf hier stap ons met 'n voetpad en is om 11h00 te Injasuti. Om 12h00 vertrek ons na Winterton waar ons Salomè en Coleen ontmoet. Coleen se been is Saterdag by wyse van 'n operasie geheg en sy sien goed daaruit. Die aand slaap al 9 van ons by Tinus te Ladybrand.

Alhoewel Coleen se ongeluk 'n teleurstelling was, het almal van ons goeie ondervinding opgedoen daar sodanige voorval te enige tyd op 'n stap kan voorkom. Ons klomp was nog net gelukkig dat dit die enigste geval was na al die jare.

Nieteenstaande hierdie voorval was die stap nogtans 'n sukses.

## PROMISE YOURSELF

Promise yourself to be so strong that nothing can disturb your peace of mind. To talk health, happiness and prosperity to every person you meet. To make all your friends feel that there is something in them. To look at the sunnyside of everything and make your optimism come true. To think only of the best, to work only for the best and expect only the best. To be just as enthusiastic about the success of others as you are about your own. To forget the mistakes of the past and press on to the greater achievements of the future. To wear a cheerful countenance at all times and give every living creature you meet a smile. To give so much time to the improvement of yourself that you have no time to criticize others. To be too large for worry, too noble for anger, too strong for fear and too happy to permit the presence of trouble.

*Christian D. Larson*

Vir dekades staan hierdie 1948 uitgawe van C.J. Langenhoven se Versamende Werke op ons boekrak - nog byna soos ons dit die eerste dag daar met trots neergesit het, maar - ek moet bieg - te min benut het. Ek glo meeste van julle besit dit ook.

Toe ek nou op 'n goeie dag die No. 1 uitgawe neem en begin lees was dit die vertel van 'n reis só vol genot dat ek van tyd vergeet het. Ek deel graag 'n paar van die keur van sy gesegdes met my KOSBARE STAPVRIENDE van die Berg-en-Dal Voetslaanklub.

Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak. Die liefde wat ek gegee het, en die liefde wat ek gekry het. Vir my aandeel, as ek nie albei kry nie, wil ek liewer my ewemens se liefde hê as sy ontsag.

Ek maak aanspraak op 'n deeltjie geluk in my lewe. Ek beskou daarvoor - onder andere - is ek hier op aarde, want die Skepper wat my gemaak het, het die lammertjies gemaak wat huppel en die sonlig wat op die watergolfies dans en die blommetjies wat glimlag op die veld. En hy het snaakse mense gemaak wat baie komieklik is sonder om dit te weet.

-----

Daar is die boesemvried aan wie ek enige ander geheim toevertrou. My leed deel hy met my en sy deelname verlig en versag dit want daar is twee wat dit kan dra en nie ek alleen nie. My blydskap deel hy met my en dié deelneming verdubbel dit want daar is twee wat dan bly is en nie ek alleen nie.

-----

Hou jou glimlag vir jou vyand, jou trane vir jou vriend, jou hart vir jou ewemens, jou oordeel vir jouself en jou gewete van jou God.

-----

My vriend my wense
is sonder Grense
'n Vrou wat nie kna nie
'n Man wat nie kla nie
Bure wat nike pla nie
Klere wat nie skeur nie
Liefde wat nie treur nie
Tande wat nie seer word nie
Skuld wat nie meer word nie
En verder boonop al die beste
En al die Orige Reste.

Versamelde Werke van C.J. Langenhoven
Gebore 12 Augustus 1873
Oorlede 15 Julie 1932

Ingestuur deur Magdaleen Booysen

## DIAS VASBYT 1998

**Deur Hennie Mouton**

Hierdie stap word as 'n uitdaging beskou daar die span teen tyd stap. Sedert Desember 1997 word 'n moontlike span in die klub bespreek. Die een na die ander stapper word genader, maar die span verander voortdurend. Op die laaste bly slegs Faan, Willie, Eddie en Hennie oor. Dit word besluit dat ons "huursoldate" sal moet kry om die span aan te vul. Dit word besluit dat ons Theuns Victor - 'n oud-polisiebeampte en Freddie Jordaan - 'n oud-soldaat sal nader. Beide is geesdriftig en ons vier oefen gereeld, te George.

Die 4de Februarie 1998 vertrek Eddie na Mosselbaai waar hy die voorligtingsvergadering bywoon. Hy en Anna kamp met hulle mobiele woonwa te Mosselbaai. Hierdie lede se woonwa was ook ons plek van samekoms, voor en na stappe, waar tee/koffie en heerlike snoepery geniet is ten koste van die van Niekerks se gesvryheid.

Donderdag 5 Februarie 1998 kom ons span by die Punt, die wegspringplek, byeen. "Die Burger" se korrespondent val ons lastig vir 'n foto. Ons is netjies uitgevat in ons "All Gold" hempies, rooi serpe en khakie- broeke en hoede. Ons is span no 21 uit 62 spanne en spring ook in hierdie posisie weg. Die spanne spring met 1 minuut tussenposes weg. Ons stap van meet af 'n warm pas en haal van die voorste spanne in.

Ons flinke ondersteuningspan, wat uit Anna, Joey, Mathie, Lina en Annie bestaan wat ons te Essenhoutstraat in, waar hulle ons van verversings voorsien. Hiervandaan daal ons na die see en stap op die St Blaize wandelpad. Dit is nou warm en ons vind 'n persoon teen die sandduin in die fynbos, naby Danabaai. Hy het aan hitte-uitputting gely. Ons gee hom water en spat hom nat en stap verder. Ons voetpad lei na die strand - dit is egter hoogwater en ons is verplig om in die lossand na 2de strand te stap, dit vertraag ons. Te 2de strand wag ons ondersteuners ons in. Vars sokkies word aangetrek en ons word weer van verversings voorsien. Die korrespondent van "Die Burger" val ons weer lastig vir 'n foto. Dit is nou warm en 'n lang klim na die Hoofpad lê voor. Die ondersteuningspan hou ons moreel hoog met water en ander verversings. Ons voltooi die 1ste been in 4 ure 55 minute. Die hitte het egter sy tol geëis. Ons span voltooi die 1ste been in die 11de posisie.

Dag 2. Ons spring eers laat weg daar al die spanne na ons, voor ons wegspring. Ons stap vandag na Hartenbos. Ons haal een na die ander span in en teen Hartenboshoogte kry van die voorste spanne swaar. Vanaf die hoogte word daar na Hartenbos gestap, tot by die Hartenbosrivier en vandaar op die strand na Bayview waar ons uitstap op die teerpad. Dit is nou reeds warm en ons ondersteuners voorsien ons voortdurend van water ens. Ons lê die 2de been, in 4 ure en 2 min af. Ons gesamentlike tyd vir die ± 73 km was 8 ure 57 min. Ons het ongeveer 7de geëindig. Ons span word bekroon as die wenners van die Meesters en die besgeklede span. Ons ontvang elkeen 'n "goue" medalje, asook die skuld vir die Meesterspan. As bes geklede span ontvang elkeen 'n "koelsak".

Na die stap totdat die pryse uitgedeel word vertoef ons by Eddie hulle se woonwa en word bederf met heerlike tert koffie/tee. Aan hulle sê ons baie dankie. Onthou die Meesters moet volgende jaar weer hulle skild verdedig.

## SLEEPING BEAUTY RIVERSDAL 8 - 10 MEI 1998

Deur Eddie van Niekerk

Hierdie was 'n stap wat amper nie gebeur het nie - wat 'n groot verlies sou dit nie gewees het nie. Die Landbouskool op Riversdal het Re-unie gehou en al wat onderdak was, was vol bespreek, maar ons kry toe akkomodasie vir nege van ons so ± 9km buite Riversdal op die plaas Kweekkraal. So ongeveer 1 kilometer vanaf die hoofgebou is daar 'n hut wat so pragtig en smaakvol ingerig is, ons kon net nie ophou kyk en geniet nie. Die hut is ten volle toegerus, met gas en olielampe, eetgerei en volop water en vuurmaakhout. Daar is selfs 'n badkamer met 'n groot outydse sinkbad en 'n donkie om te stook vir warm water. Hierdie badkamertjie is eintlik die eienares se trots - sy het dit met baie goeie smaak ingerig en net so 'n paar meter in 'n paadjie af staan die "grandste" longdrop wat enige een van ons klomp nog ooit gesien het.

Ons klomp, Hennie, Annie, Faan, Mathie, Willie, Joey, Austin, Anna en ek het afgepak en uitgepak - lekker tee gemaak en aangesien die weer na reën gelyk het, het ons besluit om sommer dadelik 'n lekker stap op die plaas in te kry vir ingeval Sleeping Beauty die volgende oggend buite ons bereik sou wees. Eintlik is daar oorgenoeg stapplek op die plaas en die uitsig op elke heuwel is baie mooi.

Die aand was daar in die gesellige woonvertrek vure aangepak - die vuurmaakplek neem die helfte van die een lang, muur in beslag. - Ai en was daar geëet? Hier kom die "kind in die Tjalie" toe weer te voorskyn - heerlike stywe pap met smaaklike sous uit die Dunn's se kombuis. Daar het genoeg pap oorgebly vir 'n hele paar mense se Saterdag ontbyt. Ons het Vrydagaand tot laat gesing en grappies vertel en nadat Faan vir ons uit die Woord gelees en 'n gebed gedoen het, het almal in die gemaklike en lekker warm kamers gaan inkruip.

Die volgende oggend vroeg het die een stofie na die ander in die kombuis begin blaas vir koffiewater; die weer het baie toegetrek en triestig gelyk en ons het rustig ontbyt gemaak en klaargemaak en tog maar besluit om tot by die tolhuis in die Garcia Pas te ry, vanwaar die roete na Sleeping Beauty begin. Daar het die son geskyn en ons val toe dadelik in die pad. Mense! Wat 'n pragtige roete. Die proteas en ander blomme en fynbos was vir my nog nooit so mooi nie. Waar 'n mens die rivier 'n paar maal kruis, wil jy eintlik net afpak en kuier want dit is so mooi.

Die weer het so teen 10:00 begin toetrek en ons het so lekker in ' n beskutte deel op die berg sakke afgehaal en tee gedrink. Toe ons weer moes "opsaal " het almal soos kamele gelyk met die groot los reënjasse oor die rugsakke. Die reën het by tye goed uitgesak en ons het maar besluit om bo by Nekkies om te draai. Ai nog net een en 'n halwe kilometer verderaan sou ons reg bo-op die skone dame se voorkop gestaan het. Dit was 'n teleurstelling vir die stappers wat nog nooit heelbo was nie, maar dit was so 'n mooi roete dat almal besluit het om dit beslis binnekort weer te doen; want Sleeping Beauty is 'n moet op ons staplys.

<u>Om op te som</u>:
'n Mooier as mooi roete reg om die draai, met 5 ster oornaggeriewe. Slaap maar rustig skone dame, ons gaan jou beslis weer kom pla. Jy gee mos nie om nie nê? Ons sal baie versigtig en sag trap.

## IN LIGTER LUIM

So gaan stap ons manne toe by Prins Albert. Dis nou Gys, Hennie, Eddie en Willie. Annie is hierdie keer glad nie lus vir hierdie gemoor nie. Hennie het alles probeer maar sy het besluit "enough is enough". Dis buitendien baie lekkerder om aan te moedig as om 21km te sweet, water te drink en oor ongelykheid te "struggle".

Vroeg, die Saterdagoggend, kom ons toe, saam met ons dapper manne, by die begraafplaas van Prins Albert bymekaar. En dis nou hier waar alles gebeur het.

Terwyl ons manne nommers kry, opwarm en die nodige doen (want sien, 21 km is ver en daar is nie eintlik geriewe langs die pad nie, net berge en bosse) staan ons vier vroue en skerts en gesels.

'n Jong bruin man, een van die hardlopers, het ook sy nommer, T-hemp en ander papiere hier gekry. Meteens besef hy dat hy dan nou 'n papier in sy hand het wat hy glad nie langs die pad nodig gaan kry nie en waarvan hy baie graag ontslae sal wou raak. Hy kyk op en hy kyk af maar ... by die begraafplaas is geen drom vir weggooi papiere nie. Toe kry hy 'n plan - die sypaadjie - hy sal opgemerk na die sypaadjie loop, die papier saggies daar neersit en ongemerk weer na sy maats toe terugstap.

'n Papier op 'n sypaadjie is nou maar iets waarvan ons, wat in die ou Suid-Afrika grootgeword het, niks van hou nie. Na 'n kort gesprek oor hierdie voorval stap Anna na hom toe en die volgende gesprek vind plaas.

"Meneer, jy het nou net jou geldjie daar op die sypaadjie verloor." Hy het natuurlik geweet dat hy geen geld by hom gehad het nie, maar darem gehoop vir 'n gelukkie, stap toe maar nader. Na 'n bietjie rondkyk val sy oog op die stukkie papier. Hy bars uit van die lag, tel dit dadelik op en frommel dit op en steek die papier in sy broeksak. Miskien sal hy volgende keer weet om 'n ander plan met 'n lastige papier te maak.

Getrou aan ons beloftes aan ons mans staan ons twee en 'n half uur later by die wenpaal vir hulle en wag. Ons het mos saam met hulle ge-oefen en weet mos min of meer wanneer om hulle te verwag. Dis nou Hennie wat enige oomblik behoort op te daag. Vandag neem dit 'n bietjie langer. Ons het mos berg-op en berg-af ge-oefen op gelykpad en op windstil dae, maar vandag is daar klippe in die pad en die wind is van voor.

By die wenpaal staan 'n swartman en 'n paar kleurlinge en gesels. Die geselsers was natuurlik "atlete", want dis hoe die hardlopers genoem word. Stappers is net stappers - nie atlete nie. Hulle is druk in gesprek oor die "Golden Oldies" wat so een na die ander ingestap kom.

Dis toe dat die swartman vir sy vriende sê: "Ek het julle mos gesê 'n mens hoef glad nie so baie te oefen nie. 'n Mens moet net goed uitgerus wees. Hierdie mense werk nie. Hulle is afgetree en uitgerus, daarom kan hulle so vinnig stap!"

So nou weet ons. Rus Junie-maand goed uit en kom stap op 2 en 3 Julie die "Outenique 60"!

Elsie Verwey.

## HET U GEWEET?

Sarah en Frans Fouché het gewoon en geboer op die plaas Doornhoek aan die voet aan die Magaliesberg naby Krugersdorp. Op Sondae het hulle gereeld Geesteliedere (hallelujas) gesing as deel van hul Sondag-aanbidding. So deur die singery het 'n nuwe wysie stadig begin posvat. Sarah het die wysie vervolmaak en Frans het aan die woorde gewerk. So het dié twee sekerlik een van die heel mooiste liedjies uit eie bodem die lig laat sien, naamlik "Die Magaliesberg

Magaliesberg se Aandlied

(Opgeteken in die huis van oom Frans Fouché -
Afrikaans van GG Cillie)

Hoed my as ek my gaan neer-lê,
Grote God, wat altyd waak.
O! beskerm my deur U Almag
As die kwade my genaak.

O! vergeef my al my sondes,
Dan lê ek my hofie neer.
dood of hel sal ek nie vrees nie
want U is my Rotsteen, Heer.

Neem my ouers en my vriende
In bewaring hierdie nag.
Môre dank ons U vir goedheid.
Gawe van 'n nuwe dag!

Gysbert Verwey




Matie koop nuwe skoene en Faan koop 'n tent.

## GAMKASKLOOF - DIE HEL 15 - 17 AUGUSTUS 1997

Deur Anna van Niekerk

Hierdie baie aangename naweek wat ons in Augustus 1997 in die Gamkaskloof so geniet het, wil ek baie graag met al die ander stappers deel. Hopenlik maak dit julle so "Apie" (lus vir die ding) dat ons vorentoe met uitslaapstappe meer lede kan lok om saam te stap.

Vroeg die Vrydagmiddag het elf van ons - Faan en Mathie, Lina, Erhard, Jan en Suzie, Willie, Nellis, Hester, Eddie en ek, uit George vertrek en het die voorreg gehad om die kronkelpas af tot in die Kloof in al sy glorie te kon geniet. Ons is deur klipperige rivierlope en Eddie het net summier in die water stilgehou en vanuit die geel bos-buggie vir ons drinkwater geskep - heerlik!

By die eerste Huis aangekom "Huis Lente Marais" het ons by Zanie van der Walt verneem dat ons ander oornag huis ± 6 kilometer vanaf die eerste is. Net hier het Eddie besluit - "Nee Kyk, ons breek nie ons groep op nie" en het die manne matrasse aangedra vanaf 'n ou skoolsaal so ± 100 meter daarvandaan - terloops - sulke lekker nuwe sponsmatrasse. So kuier 16 van ons toe in een huis, met een spoel toilet (wat elke keer na gebruik met 'n emmer volgemaak moes word, aangesien die watertenk eers na 2 dae vol loop)

Toe dit begin skemer word, het die manne solank begin vure aansteek terwyl ons vir, Allan en Carlien, Bing en Hilda en Paula gewag het - Ons was verheug om hulle bakkie se ligte in die stikdonker te gewaar en hulle te verwelkom met 'n stokstyf en yskoue Bing, Hilda en Paula agterop die oop bakkie. Toe begin ons naweek - ons het gebraai, gesing en in die stof om die vuur gedans. Slaaptyd het almal gaan nesskop. Paula het haar matras onder die sterre gaan neersit, sy was glad nie bang vir die meerkat wat die heeldag daar rondgesnuffel het nie. Die volgende oggend moes ons hoor hoe spyt Erhard was dat hy haar nie gaan "join" het nie, want 'n rooimiernes was reg onder sy matras in die vloer. Die volgende aand het hy gaan opkrul in Nellis se bakkie. Van Carlien en Allan se vooraf bespreekte lepellê het ook nie veel gekom nie, want toe hulle die uittrek slaapbank uit die jaar toet oopvou, is daar 'n breë gaping tussen die 2 matrasse. Nellis kon ook vir een of ander rede nie tot rus kom nie en is soos 'n "Florence Nightingale" al skuifvoetend met 'n brandende kers, vanuit sy kamer, deur ons sit/slaapkamer waar Allan en Carlien, Eddie en ek geslaap het, na die kombuis. Carlien het na sy 3de nagtelike wandel vir hom aangeraai om sommer in die kombuis te gaan slaap.

Saterdag se stap na die waterval was baie aangenaam, maar die groot mooi het gekom toe ons moes "Boendoe Bash" na die 2de waterval - waarvan baie min mense blykbaar weet - hier het Jan, namens ons almal, 'n baie gepaste opmerking gemaak - "Hierdie plek se naam is verkeerdelik aangegee as die Hel - want dit lyk beslis soos die paradys".

Die namiddag het ons almal op uitnodiging van oom Zanie (soos alombekend) by sy huis gaan koffie drink, sy vrou was nie tuis nie, maar wat 'n aangename kuiertjie met al sy interessante vertellings, veral die slangstories. Ons dames het toe daarop aangedring om die koppies te gaan was en daar het ons gesien hoe lief hy regtig vir slange is. - Soos wat ons flessies konfyt bo-op ons kombuiskaste uitstal - so staan fles op fles met slange op versterkwater, en toe Mathie sommer die koffiemoer in 'n leë 500ml

jogurthouer op die vensterbank wou leegmaak, het sy haar byna boeglam geskrik vir 'n lewendige slang in die leë houer.

Sondag het ons 'n lang en stywe stap aangepak na die leer. Terug by die huis is daar toe lekker kos gemaak en terwyl ons besig was om op te pak, stop daar 'n klein Toyota Conquest met 'n Natalse registrasienommer, met 2 oorsese besoekers wat wou weet of dit die pad Kaaptoe is - Ons kon nie glo dat hulle sowaar daardie stowwerige pad verkeerdelik vir 'n tweede keer moes aanpak om weer op die grootpad te kom nie.

Op pad terug huistoe het almal by die bloekombos van die pad afgetrek - stofies was "chop chop" uitgehaal en traag om die ongeskonde natuur te verlaat, het daar weer 'n hele piekniek plaasgevind toe Mathie weereens vir almal verras het met heerlike piesangbrood so reg uit die Strauss oond.

<u>Om op te som</u>:
Weereens 'n baie geslaagde saamstap en saam kuier deur lekker vriende met goeie geselskap - Vir julle wat nou lus voel vir hierdie stap - Ons kan gerus weer so maak.

## EN DAN IS DAAR SATERDAGSTAPPE OOK!

Deur Anna van Niekerk

As 'n mens nou besef hoe vinnig tyd vlieg en hoe besig ons afgetredenes is, dan wil jy amper dink dat 52 Saterdae in 'n jaar te min is vir al die dagstappe wat hier in ons onmiddelike omgewing is. Trek nou van hierde 52 dae die volgende af: Skoolvakansies - Kuiergaste wat kom kuier - 'n mens se eie vakansies êrens heen - ander noodsaaklike funksies en dan ook olikheid en ongure weer. Nou bly daar net 'n paar Saterdae oor - so,! Raadpleeg jou program en kom stap lekker saam - So tussen die teetyd en eettyd word daar ook gereeld geswem as daar 'n lekker waterpoel is. Ons wag vir julle Saterdagoggende by die Witkerk, ons wil so graag meer van almal sien!

*Konsentreer op die mooi dinge wat nog in oorvloed in hierdie wêreld oorgebly het. Dan sal jy die vrede van God ervaar wat alle verstand te bowe gaan.*

"Verder, broers...alles wat mooi is - daarop moet julle julle gedagtes rig."
FIL. 4:8